

Ons sit by die Here se tafel nie die Duiwel se offertafels aan nie

Ds. PJ Kriel

Nagmaal

03.09.2023

Inhoud Hierdie preek wys die Here gee vir ons in die Nagmaal tekens waarmee Hy ons verseker Hy verenig ons met sy menswees in die hemel. Die Satan maak van die Nagmaal 'n offerfees.

Skriflesing 1 Korintiërs 11: 23 – 29; 10: 14 – 22.

Teks Hebreërs 10: 26 “Want so dikwels as julle hierdie brood eet en uit hierdie beker drink verkondig julle die dood van die Here tot dat Hy kom.

Tema Ons sit by die Here se tafel nie die Duiwel se offertafels aan nie.

1. In die Nagmaal gebruik ons tekens wat ons wys op die liggaam van die Here, sy liggaam as mens in die hemel vandag. Ons vier nie in die Nagmaal 'n offerfees saam met God nie.

Die Here gee vir ons die tekens van die brood en die wyn om ons te herinner om om sy dood te verkondig. Herinner beteken nie om aan 'n mens wat dood en weg is te dink soos in herinnering roep nie.

Paulus stel in hierdie Nagmaaltekste dat Jesus Christus die Here is. Met hierdie titel “Here” bely Paulus dat Jesus Christus as mens uit die dood uit opgestaan het, opgevaar het na die hemel en vandag aan die regterhand van God die Vader sit en sy kerk regeer as Here. Hy is vandag die lewende Here, lewend as 'n mens van vleis en bloed en lewend as God self.

Daarom beteken die woord “herinner” soos 'n man en vrou dit in die huwelik gebruik deur mekaar net weer 'n slag te herinner waarom hulle vereniging as man en vrou gaan: “Kom ons herinner mekaar net weer waarom gaan ons vereniging tussen al die gejaag, die gewerskaf en die gewoel heen waardeur ons regtig kan vergeet waarom dit eintlik regtig gaan.”

Dit is wat ons doen wanneer ons die brood en wyn as tekens van die Here se liggaam in die Nagmaal gebruik: ons herinner onself net weer deur die tekens wat die Here vir ons tot herinnering gegee het, waarom ons vereniging van die Here Jesus Christus gaan.

Met die brood en wyn herinner onself aan ons vereniging met die Here se liggaam as mens in die hemel. Die Nagmaal is nie net die oproep van mooi, besonder en mistiek oomblikke met God nie. Dit is 'n herinnering waarom dit eintlik gaan – ons vereniging met die Here Jesus se menswees in die hemel vandag.

2. In die Nagmaal herinner Jesus Christus ons wie Hy nou, vandag as Here vir ons is en waarom ons vereniging met Hom vandag gaan.

Hy herinner ons deur die brood en die wyn daaraan dat net Hy die offer vir ons sonde was en deur sy offer leef ons elke dag in die nuwe verbond met Hom as Here. Die nuwe verbond waarvan die beker teken is, is die verbond met Abraham soos openbaar in Jer. 31: 31 – en Esegël 36: 24 – 28. In die Nagmaal vier ons hierdie

Ons sit by die Here se tafel nie die Duiwel se offertafels aan nie

nuwe verbond waarin ons met God leef wat Christus se offerdood vir ons elke dag waar laat wees.

Die nuwe verbond waarin God vir ons God is en Hy ons sy kinders maak en laat wees, waarin Hy nooit weer aan die sondes wat ons doen dink nie, maar ons heilig vir sy liefde.

Die Nagmaal is nie 'n offerfees met God nie. Christus se dood aan die kruis was geen feestelike byeenkoms waarin sy dissipels vol vreugde en blydschap om Hom vergader het om sy dood saam met hom te vier nie. Dit was die donkerste oomblik in die geskiedenis van die mensdom waarin God die Vader sy enigste Seun verlaat het as 'n sondaar in sy haat en oordeel. (Mat. 27: 46) Sy dood was 'n verskrikking waarvoor sy dissipels hom verlaat, verraai en verloën het, nie met hom saam gevier het nie.

In die Nagmaal kry ons ook nie deel aan die offer wat Christus gebring het nie. Die offer op die Paastafel was die geslagte lam. Christus gee hulle nie van die vleis van die lam nie om juis te openbaar dat hulle nie deel is van die offer vir sonde nie. Net hy alleen is die offer vir sonde.

In die Nagmaal bring ons ook geen offers na God soos die heidense met hulle offerfeeste vir God bring nie. (1 Kor.10: 20)

Die tafel van die Here in die Nagmaal is ook nie 'n feestafel soos in die offerfeeste van die heidene nie. Om hulle feestafel kuier hulle gesellig met die god saam vir wie hulle offers bring en geniet die god se goddelike krag, mag, lewe en persoon saam met hom.

Die tafel van die Here in die Nagmaal is nie 'n feestelike offertafel nie.

3. Met die tekens van die brood en wyn laat die Here ons weer onthou waarom ons vereniging met hom in sy menswees in die hemel vandag gaan, sodat ons weer kan dink waarom dit eintlik gaan.

Deur die tekens van brood en wyn kan ons onthou dat ons straf vir ons sonde, was sy doodstraf gewees, ons veroordeling was sy veroordeling voor Pontius Pilatus gewees en die vervloeking vir ons sonde was, sy vervloeking aan die kruis gewees. Ons is ingesluit in wie die Here as mens vandag is, sodat ons met die Here Jesus as God in sy nuwe verbond met ons kan leef.

Ons lewe in en vir sy liefde as Here en ons lewe nooit weer om 'n offer vir ons sonde te wees nie. So verkondig ons met en deur die gebruik van die tekens op die tafel van die Here, die dood van die Here wat ons in die nuwe verbond laat leef.

“Verkondig” beteken die openlike bevestiging van die rede vir my lewe in God se nuwe verbond. “verkondig” beteken nie demonstreer of preek nie, maar openbare bevestiging dat die rede dat ek in en vir God se liefde leef, is die offerdood van sy Seun, nie my offers vir my sondes nie. Net Christus se offerdood, in die teken van gebreekte brood, is die enigste rede hoekom ek. In die teken die beker met god leef in sy nuwe verbond.

Ons sit by die Here se tafel nie die Duiwel se offertafels aan nie

Ons gebruik die brood en wyn op die tafel van die Here as tekens om ons te herinner aan sy offerdood en om te bevestig dat sy offerdood ons in die nuwe verbond laat leef.

4. Paulus maak 'n besondere verklaring oor godsdienstige offerfeeste – hy verklaar dit die feeste van die Duiwel. Dit is offers aan demone, die feestafel van demone en die beker van demone. (1 Kor.10: 20,21) En demone is die mede-engele van die Duiwel.

Paulus verwys hier na die offers van die heidene aan hulle afgode en die offerfeeste tydens die offers. Paulus wys dat volgens die openbaring van God, is afgode niks nie. Daar is nie ander gode of ander maniere om God as afgod te dien nie. Afgode en afgodsdien – is niks, dit is nietigheid. Wie maak asof God net nog 'n afgod is, is nie met afgode besig nie. Hulle is met die valse godsbeeld van die Duiwel besig en daarom met die duiwel self.

Die Duiwel is die vader van 'n god wat jy met offers en offerfeeste mee gesellig verkeer want dit is presies die teenoorgestelde as die offer van Christus en die tafel van die Here met die tekens van brood en wyn.

In die Duiwel se offerfeeste is dit mense wat vir God offers bring waardeur hulle God goedgesind stem teenoor hulle. In die Duiwel se offerfeeste is aanvaar God mense se offers om Hom goed, beter gelukkig en gemoedelik te maak. In offerfeeste verkeer mense en God gesellig saam na die offers as viering dat mense nou deel is van die krag, die mag, die lewe en die God self. Met kos en drank vier hulle hul innigheid met god en sy goddelikheid.

Die Nagmaal is nie 'n offerfees vir of met God nie. Dit is tekens wat die Here ons gee waarin ons herinner word dat ons geen offer vir god bring nie, omdat Christus een offer vir altyd gebring het. Ons gebruik ook nie die tekens as 'n gesellige verkeer met God in sy goddelikheid nie. Ons gebruik die tekens om te bevestig dat ons in die nuwe verbond met god leef waarin Hy god vir ons en ons mens vir God is, omdat ons verenig is met Christus as mens in die hemel.

Die tafels van die Duiwel is offertafels met die offers wat ons vir God bring om gesellig met God as God te raak.

5. Binne die christendom is daar twee maniere waarop geestelikes die tafel van die Here vervang met die tafel van die Duiwel. Die eerste is in die Rooms Katolieke Kerk. Hulle maak die bygeloof op dat wanneer die priester die Nagmaalswoorde uitspreek die brood regtig Jesus se liggaamlike vleis word en die wyn regtig Jesus se liggaamlike bloed word.

So maak hulle die tafel van die Here 'n duiwelse offerfees. Nou moet lidmate glo dat hulle die offer vir sonde, die liggaam van die Here regtig eet en sy bloed regtig drink. Hulle moet nou die offervleis van Jesus se menslike liggaam regtig eet en regte bloed drink. So offer die Rooms Katolieke priester Jesus elke keer weer en word die tafel van die Here nou 'n regte altaar waarop Jesus se offer weer op die altaar is.

Ons sit by die Here se tafel nie die Duiwel se offertafels aan nie

Deur Jesus se vleis as offervleis te eet en sy bloed as offerbloed te dring, word jy dan een met God.

Die ander manier waarop die Here se tafel die offertafels van die Duiwel gemaak word is in die wêreldwye Pinkster- en charismatiese beweging. Hulle glo dat die brood en wyn is die uitbeelding van die Here se offer wat jou skuldig maak vir God. In die brood en wyn moet jy besef dat jy die oorsaak is van die Here se dood en daarom moet jy soos Hy geoffer is jouself vir God voor die tekens offer. Jy moet voor jy die tekens gebruik jou self vir God aankla en veroordeel, jou eie lewe opoffer vir God, jouself vir God kruisig, jou eie-ek doodmaak vir God en jou hart vir God gee as offer.

Wanneer jy jouself so offer vir God sal God se goddelike gees in jou inkom, jou en jou lewe oorneem en jy in die fees lewe dat jy nier meer 'n menslike lewe leef, maar dat God sy goddelike lewe deur jou leef. Jy sal gesellig wees met God in 'n kuier met die brood en wyn as teken dat jy jouself vir God geoffer het omdat jy voor die offer van Jesus skuldig was.

Hierdie christelike offerfeeste is wat Paulus noem die tafel, beker en offer vir en van demone. Wie so Nagmaal hou is besig met die Duiwel se offerfeeste in die Naam van Jesus.

Op die Here se tafel is daar nie offervleis en voor die Here se tafel word ook nie offers gebring nie. Daar is tekens waardeur die Here ons herinner dat daar net een offer was en dat ons verenig is met die Here as mens wat die offer was. So vier ons die nuwe verbond waarin ons met God leef as onskuldige mense wat heilig vir sy liefde is.

6. By die duiwel se offertafels moet jy jouself, wie jy as mens is en wat jy as mens doen opgee, oorgee, weggee en prysgee. Aan die Here se tafel versterk Hy jou met sy tekens in die lewe met Hom in sy nuwe verbond.

By die duiwel se offertafels moet jy opgee op jouself en jouself so opoffer vir God. Volgens hierdie tafel se geestelikes moet jy ophou om jou eie lewe te leef. Jy moet ook jouself oorgee as offer aan God. Jy moet jou onderwerp aan die mag van hierdie godsbeeld en jouself gedienstig, gedwee en gelate hou teenoor hierdie mag en alles wat hierdie mag met jou doen. Jy moet jouself weggee as offer vir God. Jy moet jou eie lewe, jou hart, jou besittings, jou identiteit, jou vriend en geliefdes weggee vir hierdie godsbeeld en daarna streef om self niks meer te wees nie sodat hierdie godsbeeld van die offertafels alles in en deur jou sal wees. Jy moet jouself prysgee. As offer vir God. Jy moet die geleenthede wat na jou as mens toe kom en die toekoms wat dit vir jou as mens inhou, prysgee.

Dit is wat by die offertafels van die duiwel gevier word: om jouself vir God 'n offer te maak en so niks meer self as mens te wil wees nie maar God alles in en deur jou te wil laat wees.

In die nuwe verbond waarvan die Nagmaalsbeker ons verseker is daar geen offers wat ons vir God moet bring nie. Ons leef in en vir God se liefde en daarom gee ons niks op wat God ons gee nie, maar volhard ons altyd in ons liefde vir God met al die gawes wat Hy ons gee.

Ons sit by die Here se tafel nie die Duiwel se offertafels aan nie

Ons gee onself ook nooit oor aan die mag van God oor ons nie. Ons wy ons in alles wat ons is en doen toe aan die liefde vir god uit die liefde wat Hy vir ons het.

Ons gee ook niks weg wat God ons gee nie. Volgens die gelykenis van die talente (Mat. 25: 14 – 30) woeker ons met die gawes wat God ons gee en hou ons ons diensbaarheid teenoor God in stand deur meer en meer verantwoordelikhede teenoor God op te neem.

Ons gee ook nooit die geleenthede met die toekoms wat daarin opgesluit wat God vir ons gee prys nie. Ons gryp dit aan in die verwagting dat ons op pad is na die nuwe hemel en aarde wat ons saam met God sal bewoon.

Daarom moet ons altyd ongesteld wees om nooit by die duiwel en sy geestelikes se offertafels aan te sit nie, maar by die tafel van die Here aan te sit om ons deur sy enigste offer in die nuwe lewe met god in sy nuwe verbond te sterk.